

D M SCHOBA

EN

DIE STAAT

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

DUMISANE MILLION SCHOBA

Appellant

EN

DIE STAAT

Respondent

CORAM: JANSSEN, VAN HEERDEN et GROSSKOPF, ARR

VERHOOR: 10 Mei 1985

GELEWER: 29 Mei 1985

U I T S P R A A K

GROSSKOPF, A R

Die appellant is saam met ene Mofokeng in die
Transvaalse Westelike Rondgang Plaaslike Afdeling aangekla

van moord (klagte 1); poging tot moord (klagte 2) en

aanranding

aanranding met die opset om ernstig te beseer (klagtes

3 en 4). Al hierdie klagtes het gespruit uit gebeure

op Saterdag 6 Augustus 1983 by die huis van ene

Magongwa in die Khuma-lokasie naby Klerksdorp. Albei

beskuldigdes het onskuldig gepleit op alle aanklagtes.

Na 'n verhoor voor HUMAN, W R, wat sonder assessore gesit

het, is die appellant skuldig bevind aan moord en, op

die tweede klagte, aan aanranding met die opset om ernstig

te beseer. Hy is onskuldig bevind op die derde en

vierde klagtes. Mofokeng is onskuldig bevind op die

eerste twee klagtes, maar is op elk van klagtes 3 en 4

skuldig bevind aan gewone aanranding. Nadat geen

versagtende omstandighede bevind is ten opsigte van die

moordklagte

moordklagte nie is die appellant ter dood veroordeel.

Op die tweede klagte is hy gevonniss tot ses maande ge-

vangenisstraf, wat natuurlik slegs in werking sal kan

tree indien die doodvonnis om een of ander rede nie vol-

trek word nie. Met die nodige verlof kom die appellant

nou in hoër beroep teen sy skuldigbevindinge en vonnisse.

Die staatsgetuienis teen die appellant kan kort-

liks soos volg opgesom word. Op die betrokke aand om

ongeveer 10.30 was die huisbaas se drie volwasse kinders

Julia, Merriam en Charles (die oorledene) by die huis.

Ook teenwoordig was Johannes Mamadi, Julia se vryer.

Die appellant het by die kombuisdeur ingekom en aan

Julia, wat toe in die kombuis was, gevra waar sy vrou was.

Hy

Hy het kwaad en aggressief voorgekom. Volgens die
 getuienis van Julia, Merriam en Johannes was die appel-
 lant 'n volkome vreemdeling. Julia het aan hom gesê
 dat sy vrou nie daar was nie. Nie een van die ge-
 tuies het 'n wapen by hom gesien nie. Die appellant
 het toe vertrek.

Na die appellant se vertrek het Johannes, Merriam
 en die oorledene, wat tot dusver in die voorhuis gesit
 het, na die kombuis gegaan om hierdie vreemde gebeurtenis
 met Julia te bespreek. Terwyl hulle daar was, het
 twee verdere kuiergaste opgedaag. Hulle was die staats-
 getuies William Mabovu en Stephen Mlota. Almal was
 nog besig om in die kombuis te gesels toe die kombuis-

deur

deur oopgestoot word en die appellant weer binnekom.

Hierdie keer was hy gewapen met 'n mes en was Mofokeng

saam met hom. Mofokeng het 'n hamer in sy hand gehad,

maar het nie die kombuis binnegekom nie. Die appel-

lant het weer eens gevra waar sy vrou was. Volgens

Johannes het die oorledene, wat naby die deur gestaan

het, geantwoord dat die appellant reeds vantevore daar

was en gesê was dat sy vrou nie daar was nie. Ander

getuies meld nie dat die oorledene iets gesê het nie.

Almal stem egter saam dat die appellant feitlik onmiddell-

lik ná sy aankoms die kers op die kombuistafel uitgedoof

het en 'n steekbeweging na die oorledene gemaak het.

Hoewel al die ooggetuies nie gesien het dat die oorledene

inderdaad

inderdaad getref is nie het dit wel gebeur. Dit is
gemene saak dat hierdie steekwond die oorledene se ribbe-
kas gepenetreer en sy hart binnegedring het, en daardeur
sy dood veroorsaak het.

Nadat die appellant die oorledene gesteeke het,
het die ander persone in die kombuis uitmekaar gespat.
Dit is nie nodig om elkeen se bewegings in detail te be-
skryf nie, en ek skets gevolglik die gebeure in breë
trekke.

Johannes Mamadi het getuig dat iemand hom in die
harwar agter in sy nek gesteeke het. Hierdie aanranding

is die grondslag van die tweede aanklag. Volgens Jo-

hannes Mamadi het hy, nadat hy gesteeke was, deur 'n venster

gespring

gespring en weggehardloop, gevolg deur die appellant.

Na 'n rukkie het die appellant tou opgegooi en teruggekeer.

William Mabovu het getuig dat hy eers by die kombuisdeur probeer uitgaan het, maar dat Mofokeng hom daar met die hamer op sy kop geslaan het (klagte 3).

William het toe teruggespring en deur 'n venster uitgegaan.

Julia het onmiddellik na die aanranding op die oorledene by 'n venster uitgeklim en hulp gaan ontbied.

By die bure waar sy gaan aanklop het, het sy 'n flits geleen. Op pad terug huis toe het sy die appellant en

Mofokeng teengekom terwyl hulle besig was om die toneel

te verlaat. Mofokeng was ontevrede daaroor dat Julia

die lig in hul gesigte geskyn het en het Julia met die

hamer

hamer geslaan (klagte 4).

Op daardie tydstip het verskeie mense, insluitende die staatsgetuies Stephen en William, die appellant en Mofokeng begin jaag. Mofokeng is in die toilet van 'n nabygeleë huis gevind en na die huis van Makgongwa teruggebring. Die appellant het ontsnap, maar het later uit eie beweging na die huis teruggekeer. Hier het Merriam hom aangerand en hom beveel om te bly. Die polisie het kort daarna opgedaag. Die oorledene is per ambulans na die hospitaal verwyder maar was reeds dood by sy aankoms.

Die appellant se weergawe van wat by die huis van Makgongwa plaasgevind het, verskil heelwat van die staatsgetuies se. Daarbenewens gee hy 'n relaas van wat

gebeur

gebeur het voordat hy daardie huis besoek het. Vol-

gens sy getuienis het hy in Johannesburg gewerk. Sy

vrou was in Klerksdorp met 'n siek kind wat kort vantevore

uit die hospitaal daar ontslaan was. Sy het in die

Khuma-lokasie gewoon by Mofokeng se vriendin. Op

die betrokke Saterdag het die appellant sy vrou en kind

gaan besoek. Hy het haar tuis gevind en haar geld

gegee vir haar terugreis met die kind na hul tuiste by

Taung. Daarna het die appellant en sy vrou 'n ent

gaan stap. Gedurende die wandeling het die appellant

sy vrou aangespreek omdat dit vir hom gelyk het dat sy

gedrink was. Sy het onmiddellik omgedraai en wegge-

hardloop.

Die appellant het haar laat begaan en het terug-

gekeer

gekeer na die huis van Mofokeng se vriendin. Daar het

hy Mofokeng tēengekom wat hy toe vir die eerste keer ont-

moet het. Hulle het oor die appellant se vrou gepraat.

Mofokeng het hom vertel van haar bedrywighede in die Khuma-

lokasie, en hulle is saam weg om haar te soek. By h

nabygeleë huis het hulle haar in owerspel betrap. Sy

het egter weer weggehardloop.

Volgens sy getuienis was die appellant toe nie

alleen ontnugter nie maar ook geldloos. Hy het dus

vir Mofokeng gevra om hom te wys waar sy skoonsuster,

Poppie, woon sodat hy geld by haar kon kry om terug te

gaan Johannesburg toe. Mofokeng het hom na die Mak-

gongwas's se huis geneem. Die appellant het aan die

kombuisdeur geklop. Poppie het oopgemaak. Die ap-

pellant

pellant het haar van sy moeilikhede vertel. Sy het gesê dat sy by ander mense in die huis vir hom sou gaan geld leen, en die vertrek verlaat. Die appellant het in die kombuis agtergebly.

Poppie het nie teruggekeer nie, maar 'n spul vreemde delinge (insluitende die staatsgetuie Johannes Mamadi) het die kombuis binnegekom en die appellant aangerand. Die appellant se enigste uitweg was om sy mes uit te haal en rond en bont te steek. Hierdeur het hy sy aanval- lers verdryf en hom in staat gestel om die kombuisdeur oop te maak en te ontsnap. Later het hy weer teruggekeer om redes wat nie baie duidelik of oortuigend uit sy getuienis blyk nie.

Mofokeng het ook getuig. In sy getuienis

staaf

staaf hy die appellant oor hul ontmoeting, hul soektog na die appellant se vrou, haar owerspel en die appellant se versoek om na Poppie geneem te word. Mofokeng het getuig dat hy die huis uitgewys het waar Poppie gewoon het en dat hy gesien het dat die appellant aan die deur klop, maar dat hy self n toilet opgesoek het en nie weet wat by die huis gebeur het nie. Hy het egter die geraas van die bakleiery in die huis gehoor en gesien hoe die appellant weghardloop. Mense het uit die huis gekom en vir hom (Mofokeng) geslaan en verplig om te bly totdat die polisie gekom het. Hy het nie daardie aand n hamer besit of gebruik nie.

Die verhoorhof het die getuienis van die staatsgetuies aanvaar en dié van die appellant en Mofokeng verworp. Ek kom later hierop terug. Die hof het ver-

der

der bevind dat die staat nie bewys het dat die appellant en Mofokeng 'n gemeenskaplike doel gehad het om moord of aanranding te pleeg nie. Hulle is dus skuldig bevind slegs ten opsigte van die daade wat elk afsonderlik gepleeg het, soos blyk uit die skuldigbevindinge wat ek by die aanvang van hierdie uitspraak uiteengesit het. Die appellant het geen verdere getuienis gelewer of aangebied met betrekking tot versagtende omstandighede nie, en die hof het bevind dat daar géén aanwesig was nie. Die appellant is gevolglik, soos reeds gemeld, ter dood veroordeel.

Die eerste punt wat op appèl aangevoer is, is dat die verhoorregter se besluit om die saak sonder die bystand van assessore te verhoor, en sy oplegging van die

doodvonnis

doodvonnis wat daarop gevolg het, onreëlmstig was. In

hierdie verband bepaal artikel 145 (2) van die Strafproses-

wet, 51 van 1977 ("die Wet") soos volg (insoverre dit ter

sake is):

- (2) Waar 'n prokureur-generaal 'n beskuldigde voor 'n hoër hof laat teregstaan -
- (a) vir verhoor en die beskuldigde onskuldig pleit;
-
- kan die voorsittende regter hoogstens twee assessore oproep om hom by die verhoor by te staan: Met dien verstande dat waar die misdryf ten opsigte waarvan die beskuldigde verhoor word, 'n misdryf is ten opsigte waarvan die doodvonnis 'n geoorloofde vonnis is, die voorsittende regter, indien hy van oordeel is dat, in geval van 'n skuldigbevinding en met inagneming van die omstandighede van die geval, die doodvonnis opgelê kan word of opgelê moet word, twee assessore moet oproep om hom by te staan."

Kragtens

Kragtens die voorbehoudsbepaling in hierdie sub-artikel moet die voorsittende regter, ten einde te besluit of hy assessore moet oproep, voor die aanvang van die verhoor 'n oordeel vorm oor die vraag: kan of moet die doodvonnis in hierdie saak opgelê word? Klaarblyklik gaan dit nie hier oor teoretiese moontlikhede nie, anders sou 'n regter verplig wees om in alle gevalle waar die doodvonnis volgens wet opgelê kan word, assessore op te roep om hom by te staan, en dit word nie deur die sub-artikel vereis nie. Sien S v Chaane en Andere 1978(2) SA 891 (A) op bladsy 894 H tot 895 A; S v Dyantyi 1983 (3) SA 532 (A) op bladsy 533 D-E. Die verpligting om assessore op te roep ontstaan eers wanneer die regter van oordeel is, "met inagneming van die omstandighede van die geval

geval", dat die doodvonnis by skuldigbevinding opgelê kan word. Dit volg dus dat 'n regter by die verhoor van 'n beskuldigde op 'n aanklag ten opsigte waarvan die doodvonnis 'n bevoegde vonnis sou wees, eers 'n besluit moet neem oor die vraag of die omstandighede van die geval sodanig is dat daar meer as 'n teoretiese moontlikheid is dat die doodvonnis by skuldigbevinding opgelê sal word. Wanneer hy besluit dat dit wel so 'n geval is, moet hy assessor oproep om hom by te staan (Chaane se saak supra; op bladsy 895 A-B).

Die Wet skryf nie voor hoe die verhoorregter inligting kan bekom oor die omstandighede van die geval ten einde hom in staat te stel om hierdie besluit te neem nie. In die eerste plek is daar natuurlik die dokumente wat dien

om die beskuldigde in te lig omtrent die aanklag teen hom.

By 'n summiere verhoor sou daar egter gewoonlik slegs 'n

akte van beskuldiging wees saam met 'n "opsomming van die

wesentlike feite in die saak, wat, na die mening van die

prokureur-generaal, nodig is om die beskuldigde in te lig

aangaande die bewerings teen hom" (artikel 144 (3) (a)

van die Wet) asook 'n lys van die beoogde staatsgetuies

(ibid). Die bewerings in hierdie dokumente behoort

'n aanduiding te gee van wat die staat gaan probeer bewys,

maar is van geen hulp by die bepaling van die staat se

vooruitsigte om daarin te slaag nie. Daarbenewens is

hierdie dokumente nie daarop ingestel om inligting te

verskaf wat bloot op vonnis slaan nie. Hierdie doku-

mente sou dus selde voldoende inligting verskaf om 'n regter

in

in staat te stel om te oordeel of die oplegging van die doodvonnis iets meer as 'n teoretiese moontlikheid is.

Waar die verhoor deur 'n voorlopige ondersoek voorafgegaan is, sou die oorkonde hiervan waarskynlik aan die regter voorgelê kan word. Selfs dit sou egter nie noodwendig voldoende inligting tot sy beskikking stel nie. Ek hoef egter nie verder hierop in te gaan nie aangesien voorlopige ondersoeke deesdae baie selde voorkom en ons in die onderhawige geval met 'n summiere verhoor te doen het.

Aangesien 'n verhoorregter baie selde uit die formele dokumentasie genoeg inligting kan bekom om hom in staat te stel om te besluit of assessore nodig sou wees,

het

het die gebruik ontstaan om die prokureur-generaal (of sy verteenwoordiger) se mening hieromtrent te vra en gewig daaraan te heg. Hierdie praktyk is goedgekeur deur hierdie hof in Dyantyi se saak (supra) waarin die volgende gesê word op bladsy 533 F-H:

"Accompanying the indictment there was a statement of substantial facts as required by s 143(3)(a) of Act 51 of 1977, but its contents, though perhaps adequate to inform the appellant of the state's allegations against him did not, I consider, proclaim the grossness of the crime sufficiently to alert the trial Judge to the possibility of the imposition of the death sentence in case there should follow a conviction for murder. In a matter such as the present one those responsible for the preparation of the prosecution should give anxious scrutiny to the evidence proposed to be led by the State with a view to the

giving

giving of timeous advance notice to the presiding Judge, either by the member of the Attorney-General's staff who reads the docket before the criminal roll is prepared, or by counsel prosecuting at the trial, that the case merits the summoning of assessors."

Hoewel die verhoorregter dus in die praktyk verplig is om in 'n mate op die prokureur-generaal of 'n lid van sy personeel staat te maak, beteken dit nie dat hy eenvoudig sy verantwoordelikhede behoort te deleger nie.

In laaste instansie is dit die verhoorregter wat die betrokke "oordeel" moet vorm, en die opinie van die prokureur-generaal is slegs materiaal wat die verhoorregter saam met ander gegewens tot sy beskikking vir daardie doel kan gebruik. Ek meen dus dat S v Wesi 1979(4) SA 1041

(B)

(B) 'n te passiewe rol aan die verhoorregter toedeel deur aan te dui dat 'n verhoorregter geregtig is " om heeltemal te reken op die Prokureur-generaal wanneer daar oor assessore besluit word"(op bl. 1042 G) selfs waar die prokureur-generaal se opinie dat assessore nie benodig word nie uit sy blote stilswye afgelei word (op bl. 1043 B):

In die onderhawige geval was die omstandighede soortgelyk as in Dyantyi se saak (supra). Die opsomming van wesentlike feite ingevolge artikel 144(3) van die Wet het nie met enige sekerheid op die afwesigheid van versagtende omstandighede gedui nie, en daarbenewens was dit natuurlik onmoontlik vir die verhoorregter om te weet hoe sterk die staat se getuienis oor enige besondere punt was. Uit die oorkonde blyk dit dat die verhoorregter aan die

begin

begin van die saak die aanklaer uitdruklik gevra het of
assessore benodig was, en dat die aanklaer nee gesê het.

In die lig van bogemelde gewysdes kan daar onder
hierdie omstandighede skaars betoog word dat die verhoor-
regter 'n onreëlmatigheid gepleeg het, hetsy deur te be-
sluit dat dit nie nodig was om assessor op te roep nie,
hetsy deur na afloop van die verhoor die doodvonnis op
te lê hoewel hy nie die bystand van assessor gehad het nie.

Mnr Nel, wat namens die appellant opgetree het,
het dan ook nie betoog dat dit die verhoorregter was wat
'n onreëlmatigheid gepleeg het nie. Sy betoog was dat
die aanklaer skuldig was aan growwe pligsversuim deurdat
die opinie wat hy teenoor die verhoorregter uitgespreek

het

het, nie op versigtige oorweging van die beskikbare getuie-
 nis, soos vereis in die passasie uit Dyantyi se saak wat
 ek hierbo aangehaal het, gegrond was nie. Dit was
 hierdie pligsversuim wat volgens sy betoog op 'n onreël-
 matigheid in die verrigtinge neergekom het.

By die beoordeling van hierdie betoog sal ek
 veronderstel dat daar wel omstandighede mag wees waar 'n
 aanklaer se versuim om die verhoorregter behoorlik in te
 lig omtrent die noodsaaklikheid dat assessore bygebring
 word, as 'n onreëlmatigheid in die verrigtinge aangemerkt
 kan word. Vergelyk in hierdie verband S v Xaba 1983(3)

SA 717 (A) op bl. 728 D tot 729 A. Voordat hierdie
 hof egter tot die gevolgtrekking sou kon kom dat die aan-
 klaer skuldig was aan pligsversuim in hierdie opsig sou

die

die nodige feite waaruit so 'n afleiding gemaak kan word
 voor die hof moet wees, indien nie in die oorkonde van
 die saak nie, dan by wyse van 'n spesiale aantekening
 ingevolge artikel 317 van die Wet, of op enige ander
 geoorloofde manier. In die onderhawige geval is die
 enigste relevante inligting wat in hierdie verband aan ons
 beskikbaar is, die volgende uittreksels uit die advokate
 se betoë in die hof a quo oor versagtende omstandighede.
 Nadat die verdedigingsadvokaat geargumenteer het, het
 die aanklaer sy betoog soos volg begin:

"U Edele, die Staat het 'n mening uitgegooi
 dat daar wel versagting kon wees. Wat

die

die Staat beïnvloed het deur om daardie mening uit te gooi is die verklaring wat die beskuldigde gemaak het aan die polisie wat op daardie stadium ontoelaatbaar is, wat die Staat beïnvloed het."

'n Kort rukkie later verskyn die volgende:

"HOF: Ek sien aan die begin van die saak het ek u persoonlik gevra of daar assessore benodig word vir hierdie saak en u het vir my gesê nee.

MNR. MACADAM: Korrek, op daardie stadium was ek beïnvloed deur hierdie verklaring wat beskuldigde gemaak het aan die polisie wat die saak verklarend was, ontoelaatbaar, ek kon dit nie voor die Hof voorlê nie, wat hy gemaak het, dat die beskuldigde nadat hy skuldig bevind is aan die misdryf wel getuig het en daardie omstandighede vir die Hof geskets het."

Die aanklaer het sy betoog afgesluit deur te sê

"dat die probleem in die onderhawige geval is dat beskuldigde die Hof nie in sy vertrouwe geneem het nie."

In

In repliek het die advokaat vir die verdediging
 dit duidelik gemaak dat hy dieselfde mening as die aan-
 klaer gehuldig het. Hierdie passasie lui soos volg:

"Wat die kwessie van assessore betref,
 ek en my Geleerde Vriend het dit bespreek.
 Ons was albei van mening op die getuienis
 tot my en tot sy beskikking dat dit nie
 'n saak sou wees waar die doodvonnis
 moontlik kon opgelê word nie vir die rede
 dat die beskuldigde na sy vrou gesoek het;
 dat hy haar gekry het by 'n ander man;
 en dat hy toe haar sou gaan soek het by
 daardie huis. Beskuldigde 2 het hom daar
 gaan uitwys en hy het daar aangekom
 om te soek na die vrou en toe het daar 'n
 bakleiery ontstaan. Ons het nie geweet
 dat dit so sal verloop dat beskuldigde
 se getuienis totaal verwerp sal word nie."

Die posisie is dus dat, volgens wat die advokate
 aan die verhoorhof vertel het, hulle albei van mening was
 dat die appellant aanvaarbare getuienis sou lewer wat dui-

delik

delik sou aantoon dat daar versagtende omstandighede was.

Die probleem het ontstaan deurdat die appellant en Mofokeng

by die verhoor 'n ander weergawe verstrek het as wat die

advokate verwag het en dat daardie weergawe verwerp is.

Daarby is dus niks voor hierdie hof om selfs 'n suspisie

te wek dat die aanklaer nie alle feite tot sy beskikking

versigtig oorweeg het voordat hy die hof ingelig het dat

assessore syns insiens nie benodig sou wees nie. On-

der hierdie omstandighede kan daar na my mening geen sprake

daarvan wees dat die aanklaer se optrede onreëlmatig was

nie.

Namens die appellant is verder betoog dat die

aanklaer hom in 'n tweede opsig aan pligsversuim skuldig

gemaak het en dat dit ook op 'n onreëlmatigheid in die ver-

rigtinge

rigtinge neergekom het. Die beweerde pligsversuim het daaruit bestaan, aldus is betoog, dat die aanklaer nie die getuieverklarings van staatsgetuies aan die hof en die verdediging beskikbaar gestel het nie hoewel die getuies se getuienis klaarblyklik afgewyk het van hul verklarings.

Vergelyk S v Xaba (supra). Die enigste materiaal waaruit daar gepoog word om die afleiding te maak dat daar so-
danige afwykings was, is verskille tussen die staatsgetuienis aan die een kant en, aan die ander kant, die opsomming van wesentlike feite ingevolge artikel 144(3).

Hierdie verskille was egter na my mening onbelangrik, en is trouens nie eers geopper gedurende die kruisverhoor van die staatsgetuies nie. Ook in hierdie opsig kan 'n mens,

na

na my mening, nie die afleiding maak dat daar pligsversuim aan die kant van die aanklaer was nie. Mnr Nel het ook nie in die argument voor ons ernstig op hierdie beweerde-onreëlmatigheid gesteun nie.

Wat die meriete van die skuldigbevindinge en vonnisse betref, het Mnr Nel eerstens betoog dat die verhoorhof gefouteer het deur die getuienis namens die staat te aanvaar en dié namens die verdediging te verwerp. Ten opsigte van die staatsgetuies het die hof soos volg bevind:

"Nou wat hierdie staatsgetuies betref moet ek sê dat ek vir 'n lang tyd nie beter en meer impressiewe getuies gesien het nie. Daar mag klein verskille in hul getuienis wees oor wat die twee beskuldigdes na hierdie gebeure gedoen het, of hulle by die

hek

hek uitgehardloop het of uitgeloop het maar dit is van mindere belang want die persone het hulle buite gesien op verskillende stadiums. Dit doen gèen afbreuk aan hul getuienis nie. Johannes het my veral beindruk as 'n baie bekwame en uiters eerlike getuie. William Mabovu was ook 'n uitstekende getuie en ek is oortuig daarvan dat sy getuienis absoluut die waarheid is sowel as die getuienis van Merriam en Julia."

By die deurlees van die getuienis het ek ook die indruk gekry dat die staatsgetuies, wat op verskillende tye op die toneel gekom het en uit verskillende oogpunte die gebeure waargeneem het, 'n besondere samehangende en oortuigende geheelbeeld geskilder het. Die "klein verskille" waarna die regter a quo verwys, was wel aanwesig en is beklemtoon deur Mnr Nel in sy betoog. Ek gaan egter akkoord met die regter a quo se beskouing dat hierdie ver-

skille

skille van mindere belang was en geen afbreuk aan die getuienis doen nie.

Die getuienis van appellant en Mofokeng is deur die verhoorregter soos volg beoordeel:

"Nou die getuienis van die twee beskuldigdes is deurspek van leuens. Hulle is die twee grootste leuenaars wat ek vir 'n lang tyd teëgekom het. Ek glo nie h enkele woord van hulle getuienis nie."

Hierdie onvleiende bevindinge berus hoofsaaklik op onwaarskynlikhede in die verdedigingszaak. Weer eens meen ek dat die verhoorhof se bevinding ten volle geregverdig word deur die oorkonde. Na my mening bestaan daar dus geen gronde waarop die verhoorhof se beoordeling van die getuie se relatiewe betroubaarheid en geloofwaardigheid

heid aangeveeg kan word nie. Dit volg dan ook dat die
 appellant se skuldigbevindinge myns insiens gehandhaaf
 moet word.

Ten slotte is daar betoog dat die verhoorhof se
 bevinding dat daar geen versagtende omstandighede was nie,
 tersyde gestel behoort te word. In hierdie verband
 het Mnr Nel die hof se stelling dat "nie 'n enkele woord"
 van die beskuldigdes se getuienis geglo kan word nie as
 hiperbool probeer afmaak, en betoog dat daar uit die hof
 se aanmerkings gedurende die argument oor versagtende om-
 standighede afgelei kan word dat die beskuldigdes se on-
 betwiste getuienis oor wat die moord voorafgegaan het,
 wel geglo was. 'n Mens moet natuurlik versigtig wees

om

om h verhoorregter se stellings gedurende argument, wat
gemaak word om kommentaar te ontlok en soms onversigtig
geformuleer word, nie te verhef tot oorwoë gevolgtrekkings
gelykstaande aan bevindinge in sy uitspraak nie. Hoe
dit ook al sy, selfs aanvaar h mens dat die verhoorhof
die eerste deel van die appellant se getuienis geglo het,
bied dit myns insiens geen regverdiging om die hof se be-
vinding ten opsigte van versagtende omstandighede omver
te werp nie. Die bewese feite sou dan wees dat die
appellant sy vrou in owerspel betrap het; dat hy om een
of ander onverklaarde rede na haar gaan seek het by die
oorledene se woonplek; dat, nadat Julia hom vertel het
dat sy vrou nie daar was nie, hy weggegaan het en terugge-

keer

keer het met 'n wapen in sy hand en 'n gewapende metgesel
aan sy sy; en dat hy uiteindelik sonder aanleiding die
oorledene doodgesteek het. Die verhoorhof kan myns
insiens nie verkwalik word vir 'n bevinding dat daar geen
versagtende omstandighede uit hierdie feitekompleks blyk
nie, en die appellant, op wie die bewyslas gerus het,
het niks anders aan die hof voorgedra wat as versagtend
aangemerkt kan word nie. Ek meen dus dat die verhoor-
hof se bevinding dat daar geen versagtende omstandighede
was nie, onaanvegbaar is.

Geen betoog is gelewer ten opsigte van die vonnis
vir aanranding met die opset om ernstig te beseer nie, en
dit moet myns insiens ook bekragtig word.

Bygevolg

Bygevolg word die appèl van die hand gewys, en
die skuldigbevindinge en vonnisse bekragtig.

E M GROSSKOPF, AR

JANSEN, AR
VAN HEERDEN, AR } Stem saam